



Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

5 A's
NO. 1



Luané du Plessis
Gem: 80,7%

4 A's
NO. 2



Karla van Nieuwholtz
Gem: 80,6%

3 A's
NO. 3



De La Rey Brits
Gem: 79,7%

3 A's



Toka Maphasa

3 A's



Zanëlle Pretorius

3 A's



Bonolo Mohokare

MATRIEK UITSLAE 2024



Ernst Serfontein
Juané Conradie

2 A's

1 A

Jordan Ferreira
Michelle Fick
Anri vd Walt
Louan Willers
Nthabeleng Malejoane

100% slaagsyfer

83,7% universiteitstoelating
98% kan verder aan 'n universiteit en/of
tegnikon studeer.

Ses leerders met gemiddelde B-simbool.
Ses leerders met gemiddelde C-simbool.

A-simbole: 30
B-simbole: 51
C-simbole: 74





Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Baie welkom terug na 'n heerlike vakansie! Ek vertrou dat almal 'n geseënde Kerstyd beleef het en dat 2025, met al die uitdagings en geleenthede, vir ons goed sal wees! Ons plaas met vertroue ons skool in God se hande vir beskerming, seën en voorsiening.

Baie geluk aan ons matrieks van 2024 met pragtige uitslae! Ons is weer onder die topskole in die Vrystaat en word uitgenooi na die *Well Done Function* in Bloemfontein.

Ons is trots op elkeen van julle se prestasies! Baie sterkte en seën vir hierdie nuwe hoofstuk in julle lewens!

Hiermee nooi ons u hartlik uit na ons eerste **OUERVERGADERING** van die jaar.

DATUM: Dinsdag, 28 Januarie
TYD: 18:00
PLEK: Skoolsaal

EEN ouer per gesin moet asseblief die vergadering bywoon. Sien u daar!

BELANGRIKE DATUMS

Wo 22 Januarie

Kleursport (diskus-, hamer- en spiesgooi)

Donderdag, 23 Januarie

Krieket 1^{ste} seuns vs Wessel Maree (tuis)

Vrydag, 24 Januarie

Kleursport

Saterdag, 25 Januarie

Graad 8-dag

Dinsdag, 28 Januarie

Krieket meisies vs Gimnasium (tuis)

Donderdag, 30 Januarie

Krieket 1^{ste} seuns vs Bultfontein (weg)
Sottekonsert en sottesokkie (18:00)

Vrydag, 31 Januarie

Waterkaskenades en moddergat

Maandag, 3 Februarie

Graad 8-baadjeseremonie
Hokkie 1^{ste} span proewe

U sal die finale kalender ontvang sodra alle datums ontvang is.

SKOOL GESLUIT A.G.V. DEPARTEMENTELE VERGADERINGS

Die skool sal Woensdagoggend a.g.v. **departementele vakvergaderings** gesluit wees. Die eerste gedeelte van die kleursport vind egter steeds die middag plaas.

Die items wat plaasvind is diskusgooi, hamergooi en spiesgooi en begin 14:00 by die koshuis.

SIEN JOU DAAR!

KRIEKET - Eerste seunspan

Ons eerste seunspan het verlede week teen Bothaville gespeel en wen met 64 lopies. Uitblinkers met die kolf is Ethan Compton (79 van 35), Keatlehile Dhlamini (20 van 14) en Dilyn Claassen (17 van 28).

Dilyn behaal 4-12, Husan Mohammed 3-6 en Norman van Staden blink uit met die boulwerk.



Baie geluk! Ons is trots op julle!

